MOEILIKHEIDSGRAAD: redelik maklik **TYD:** 2-3 uur, plus droogtyd

Die ongewone sytafeltjie is regtig nie moeilik om te maak nie – om die waarheid te sê is die grootste uitdaging waarskynlik om drie fietswiele te kry wat ewe groot is (vra jou fietsrycnende of plaaslike fietswinkel of hulle kan help). Eers moet jy die bande van die vellings verwyder. Blaas die binnebande af en gebruik dan 'n skroewedraaier om die band van die velling los te wikkel. Gebruik warm seepwater om van enige vuilgheid en olievlekke ontslae te raak.

JY BENODIG

- 3 fietsvellings (van dieselfde grootte)
- 'n ronde glasblad of spieël
- silwer metaalspuitverf
- 4 wit kabelstroppe (cable ties)
- 3 anti-krapstrokies
- kragboor met 'n 6 mm-metaalboorpunt
- knyptang

1

Plaas twee vellings teen mekaar met die klapopenings langs mekaar. Gebruik 'n kabelstrop om die twee vellings by die openinge saam te bind. Nou het jy 'n ekstra paar hande nodig. Vra iemand om die twee vellings regop te hou terwyl jy die derde velling tussenin plaas om 'n driehoek te vorm. Merk waar die

2

Boor nou 'n gaatjie in elke velling waar jy die merke gemaak het – só sal jy die drie vellings met kabelstroppe kan saambind.

3

Noudat die drie vellings vasgebind is, moet jy seker maak of jy gelukkig is met hulle posisie én dat die kabelstroppe stewig sit. As jy tevrede is, kan jy die punte van die stroppe met die knyptang afknip.

4

Spuitverf nou die vellings met die silwer metaalspuitverf. Spuit 'n paar baie ligte lae (om te keer dat die verf begin loop en traanvorm) tot die kleur mooi smiled is – onthou om elke laagie eers te laat droog word voordat jy die volgende een spuit. (Werk in 'n vertrek met goeie ventilasie en dra plastiekhandskoene en 'n verfmasker.)

5

Wag tot die verf heeltemal droog is en plak dan anti-krapstrokies bo-op die tafelstaander voordat jy die glas- of spieëlblad in posisie plaas. Jou speke-koffietafel is nou reg vir aksie!

Trapfiets-TAFEL

Laat jou speke 'n nuwe deuntjie sing deur ou fietswiele te gebruik om hierdie oulike koffietafel te maak.

deur ALMIE LOUIS **stilering** CARIN SMITH
foto's ED O'RILEY